


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

September, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 10






Twee sooie met agt grawe gespit… Die bekendstelling van die ontwikkeling van twee prominente nuwe geboue en Orania se Werksplein is op Donderdag 5 September deur die Orania Ontwikkelingsmaatskappy aangebied. Lida Strydom, Flip Buys, Apie Pienaar en Ohann Fourie het die eerste grond vir die nuwe gebou, wat 'n spieëlbeeld van die huidige Duiker-gebou sal wees, gelig. Die Karoosig Aftree-oord se sooi is deur Pierre Fourie, Lukas Taljaard, Riaan Jacobs en Kobus Bester gespit. Dié ontwikkeling sal woonstelle vir bejaardes en 'n nuwe hoësorgsaal insluit. Vervolg op bl. 2

## KITSNUUS

+ Lees meer binne

**Sooispit geskied vir twee nuwe geboue**
*Bladsy 2*

**Verwoerdgedenklesing**
*Bladsy 3*

**Wikus Buys stel sy boek Erfstad bekend**
*Bladsy 3*

**James Kemp kry aanstelling**
*Bladsy 4*

**Meningsopname: Wat beteken vry-wees?**
*Bladsy 7*

**Huldeblyk: Chris Jacobs**
*Bladsy 7*

**Hanlie Pieters by BKO**
*Bladsy 9*

**Kleretrommelgesprek duur voort**
*Bladsy 11*

**Orania Gaan Groot**
*Bladsy 12*

VANUIT DIE GEHOOR

# Die Vryheidstigting se beraad - die Federale gedagte



Alistair van Heerden - Begrond

Die beraad van die Vryheidstigting op Saterdag 7 September, met die tema "Die Federale Gedagte: Oorspronge en Vooruitsigte" was 'n diepgaande bespreking oor die relevansie van federalisme, selfregering en gemeenskaplike strukture vir die Afrikaners van vandag. Verskeie gesiene sprekers het bygedra tot 'n lywige diskoers wat die historiese oorspronge van die federale idee ondersoek, asook die huidige en toekomstige vooruitsigte daarvan in Suid-Afrika.

### JOHANNES ALTHUSIUS EN AFRIKANERS IN 2024 – PROF KOOS MALAN

Prof. Koos Malan se aanbieding het gefokus op die gedagtes van Johannes Althusius, 'n belangrike politieke teoretikus wat dikwels beskou word as die vader van die moderne federalisme. Malan het verduidelik hoe Althusius se idees oor selfregering en politieke samewerking steeds vir die Afrikaners van 2024 relevansie het. Volgens Althusius moet gesag en mag op verskeie vlakke versprei word en nie in een sentrale owerheid saamgetrek word nie. Hierdie benadering ondersteun 'n stelsel waar kleiner gemeenskappe hulself regeer, terwyl hulle steeds deel vorm van 'n groter federasie.

Prof. Malan het beklemtoon dat Afrikaners, gesien teen die agtergrond van Suid-Afrika se huidige politieke landskap, 'n hernude fokus moet hê op selfbeskikking en gedesentraliseerde bestuur. Dit bied 'n teenwig teen sentralisasie en die bedreiging van kulturele homogenisering. Hy het ook daarop gewys dat die federalistiese model, wat erkenning gee aan diversiteit en plaaslike outonomie, 'n pad vorentoe vir Afrikaners en ander minderheidsgroepe in Suid-Afrika kan wees. Hierdie model sal die stryd om kulturele en politieke vryheid kan versterk, veral in 'n tyd waarin die politieke dinamika van die land gedurig verander.

### DIE GESIN EN POLITIEKE LEWE – ALIDA KOK

Alida Kok, departementshoof: Sosiale Wetenskappe by Akademia, het in haar aanbieding gefokus op die gesin as die fondament van 'n gesonde samelewing, en hoe dit inpas by die federale gedagte. Volgens haar is die huisgesin nie net 'n sosiale eenheid nie, maar ook 'n politieke eenheid. Sy het die vraag ondersoek: Hoe word 'n politieke lewe gehuisves? In haar besinning het sy beklemtoon dat die gesin die plek is waar burgerskap begin en waar die eerste vorms van selfregering en verantwoordelikheid aan kinders oorgedra word. Deur die opvoeding van kinders, die bestuur van huishoudings en die handhawing van gesinswaardes, speel die gesin 'n fundamentele rol in die breër politieke lewe. Daarin het sy ook op die punt die siening van Hannah Arendt gekritiseer.

Kok het verder aangevoer dat, in 'n federale struktuur, die rol van die gesin noodsaaklik is om plaaslike gemeenskappe te bou wat onafhanklik en selfregerend kan wees. Die federale gedagte is nie net van toepassing op politieke instellings nie, maar ook op die private sfeer, soos gesinne. Sy het daarop gewys dat die gesin as 'n miniatuurvorm van politieke selfregering funksioneer en dat die gesondheid van gesinne deurslaggewend is vir die gesondheid van die breër gemeenskap en federale strukture.

### SUID-AFRIKA AS 'N GEMEENSKAP VAN GEMEENSKAPPE – BAREND UYS

Barend Uys, AfriForum se hoof van interkulturele betrekkinge en samewerking, het sy aanbieding begin deur Suid-Afrika te beskryf as 'n "gemeenskap van gemeenskappe". Hy het verduidelik dat, gegewe die land se uiteenlopende kulturele en volkere samestelling, dit 'n fout is om Suid-Afrika as 'n homogene nasie te beskou. Inteendeel, Suid-Afrika bestaan uit verskillende gemeenskappe, elkeen met sy eie unieke identiteit, waardes en gebruike. Hierdie diversiteit, volgens Uys, moet nie as 'n probleem beskou word nie, maar as 'n bron van sterkte en rykdom. Hy toon treffend aan dat die landsgrense nie volgens taal of volksgemeenskappe getrek is nie.

Lees verder op bladsy 3

## Skakels

- www.orania.co.za
- www.koerania.co.za
- Koerania Besigheidslys

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)

Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS

### met die redakteur



## Vorentoe met verandering

Wanneer 'n gemeenskap gons is dit altyd 'n goeie teken. Dit wys daarop dat daar gebeure of omstandighede is waarby hulle belang het, en daarom word daar gepraat, van mekaar verskil, en soms selfs ooreengekom.

Die geleentheid dat die spreekwoord: "slegs dooie visse swem saam met die stroom" in enige gemeenskap gereeld gebruik kan word, is nie altemit nie. Dit is egter nie uniek van Afrikaners om van mekaar te verskil nie. Ek gebruik graag die frase: "Waar mense is, is geen waarborge nie". Ons is feilbaar, vrot van die foute en bloot gereeld hardkoppig.

In Orania is daar, soos in enige gemeenskap, al die uiterstes, en word diesulkes nie altyd met waardering bejeën nie.

Ek was onlangs gereeld in gesprekke met mense wat nie saamstem nie, maar wat emosioneel volwasse redenasies uitspreek. Hoe verfrissend! Dit sou tog so vervelig gewees het as ons almal ooreengestem het. Die aanmoediging van kwaliteit en sinvolle gesprek, wat nie eie gewin as oogmerk het nie, motiveer en lei tot deelname en dit skep hoop!

Om in die stoppels van jou baard te mompel help niemand. Wees 'n spreekbuis vir verandering.

Ja, almal is nie gemaklik met verandering nie, maar as ons vorentoe wil beweeg kan alles tog nie dieselfde bly nie.

Dit kan beslis nie net by lippetaal bly nie. Skouer aan die wiel met positiwiteit, sonder om opbouende kritiek te ignoreer, maak ons gemeenskappe sterker. Daar is geen individu of enkele instelling wat al die wysheid in pag het nie. Nuwe bloed moet toegelaat word om insette te lewer en dit skep weer ruimte vir opsies. Luister, redeneer, ondersoek, leer, pas toe en… HERHAAL!

Dit is al hoe ek nog altyd uitgevind het hoe min ek weet, en hoe baie ek nog kan leer. Wees leerbaar en skep moed daaruit. Onse Vader is die enigste volmaakte. Ons is nietig en moet gereeld by die bron van liefde se voete gaan sit om nederig te bly.

Skink daardie koffie terwyl die laaste stuiptrekkings van winter nog huiwer, maar moenie die geleentheid om iets buite jou gemak- en sogenaamde kennisveld by 'n mede-inwoner te leer, laat verbygaan nie.

Dit sal jou lewe verryk!






Lida Strydom - Burgemeester

## Die lekkerste lekker van Orania

Orania bly elke dag vir my 'n nuwe, unieke en wonderlike plek. Selfs op die dae wat dit moeilik gaan. Ek wonder dikwels hoekom dit so is.

Miskien is dit omdat ons elke dag geskiedenis maak en omdat ons besluit het om deur die genade, die outeurs in ons eie verhaal te wees. Dalk het ons ook maar so 'n tikkie hardkoppigheid om vir die wêreld te wys dat ons ís, en dat ons DV nog lank hier sal wees.

Dis baie lekker dat ons, onsself weer herontdek. Dat die jonges hier se oë blink as hulle bewus word van ons eie geskiedenis, dat ons feeste eg en Afrikaans is, dat ons simbole bekend en betekenisvol is en dat ons hierdie keer ons eie ekonomie met ons eie hande bou. Hoe wonderlik as ons nog 'n nuwe instelling oprig wat in belang van ons gemeenskap optree en waar ons weet dat ons waardes weerspieël word.

Dit is elke keer 'n vreugde om ons eie simbole te sien: ons vlag, oras, ons monumente, die groeiende gemeenskapskuns. Ons het al so 'n besondere identiteit ontwikkel. Die lelike eendjie ontwikkel in 'n pragtige swaan!

Watter voorreg dat ons self kan werk! Behalwe al die politieke en ekonomiese voordele wat dit bring, is dit bloot lekker as 'n mens aan jouself bewys dat jy 'n moeilike taak self kan verrig. Dit is veral 'n plesier as 'n mens begin dink oor jou take en besef dat jy beter maniere gevind het om dit te doen, omdat jy dit vinniger en meer doeltreffend wil doen. Daar is 'n beloning in 'n taak wat jy goed afgehandel het. En eie werk hou ons fisiek sterk en gesond, wat natuurlik bydra tot ons lewenskwaliteit.

O! Hoe geniet ek dit tog as almal probeer om Afrikaans haar mooiste baadjie te laat aantrek! Ons help mekaar reg as daar 'n Engelse woord inglip. Ons skep nuwe woorde. Ons ontdek weer vergete vakterme en ons sing en aanbid in Afrikaans.

Kyk net hoe verskeie eetplekke sorg vir 'n tradisionele dis op die spyskaart. Een van die groot lekkertes is steeds ons eie, egte Boeregasvryheid. Natuurlik gee dit 'n gloed van genoegdoening as ons gekomplimenteer word op ons gasvryheid. Ons het al die kuns vervolmaak om lekker te kuier.

Ek is gelukkig as ek kindertjies sien fietsry en speel. Ek weet hulle glo dat Orania aan hulle behoort en dit is reg so.

Ek voel veilig as ek OVD op patrollie sien of as ek hoor dat ons manne selfs die omgewing se kriminele moeilikhede help oplos sodat ons in 'n veilige omgewing kan woon. Watter voorreg is dit dat ons sterk roepingsbewuste manne het!

Dit is so heilsaam as ons soms net 'n bietjie na ons eie foute en vratte kyk. In Orania is ons nie bang om dit te doen nie, wat ons voel gemaklik genoeg om na binne te kyk. Ons daag mekaar uit en verruim so ons denke.

My hart is trots as ek hoor hoe Orania 'n onderwerp van akademiese studie is, en hoe die wêreld tog by ons leer, al is ons piepklein. Ek is dankbaar as ek hoor van al die beplanning wat in ons gemeenskap gedoen word, maar meer nog, dat dit uitgevoer word en dat ons hier weer beplek word.

Miskien is die grootste wonder en die grootste lekkerte van Orania dat dit 'n ware tuiskoms is. Hier kan ons weer behoort en wees. Hier het ons 'n taak en 'n doel. Hier het ons 'n toekoms. Daarvoor is ek opreg dankbaar.

**Mag dit altyd wees: Aan God alleen die eer!**

# Sooie gespit vir nuwe stadsplein en ontwikkeling van geboue



Dirk Hermann, uitvoerende hoof van Solidariteit, het sy hoop uitgespreek dat dié unieke ontwikkeling, met die latere toevoeging van kultuursterk-beelde op die Werksplein, sal bydra tot die ingesteldheid van trotse werksetiek en die adelheid van arbeid simboliseer.




Riaan Jacobs, voorsitter van die Karoosig Aftree-oord se direksie, het 'n kort uitbeelding van die geskiedenis van die oord aan die inwoners voorgehou. Hy het sy wens dat Oraniërs van geboorte tot aftrede in die dorp kan vestig, verwoord. Hy kon nie nalaat om die pioniers van Orania te bedank vir hulle geloof en visie om 'n oord vir bejaardes te ontwikkel nie. Ou en nuwe personeel, borge en ondersteuners is bedank vir hulle getroue insette. Die nuwe fase beoog om bejaardes as 'n integrale deel van die gemeenskap te behou.



Niel de Klerk, hoof van ontwikkeling en belegging by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, het die uitleg van die Werksgebou ten toon gestel. Die gebou sluit kommersiële en residensiële opsies in. Daar word veelvuldige ruimtes vir die effektiewe aanmoediging van werk geskep. 'n Tipiese Karoostyl is deur die argitek in ag geneem. Professionele ontwikkelaars het praktiese raad verskaf om seker te maak dat die breër ontwerpe steeds in die toekoms sinvol sal wees.

Ohann Fourie - projekbestuurder





Oom Lukas Taljaard spit steeds, want hy is sedert die ontstaan van Karoosig Aftree-oord in 2014 betrokke. Saam met hom is sy kamerade Pierre Fourie, Riaan Jacobs en Kobus Bester.



Gerhard Pretorius en Christiaan van Zyl van Avstrooi Argitekte in Orania is trots op die planne wat hulle vir die Karoosig se ontwikkeling, wat deel vorm van die Werksplein, kon lewer. Dié nuwe gebou sal saam met die Duiker-gebou en Orania Veiligheidsdienste se Gemeenskapsveiligheidsentrum aan die Werksplein gestalte gee.

VANUIT DIE GEHOOR

# Verwoerdgedenklesing:

## Die federale gedagte ~ grondslae en toepassing aangebied deur professor Danie Goosen

deur - Jacob Middel

Soos die politieke en staatkundige ontwikkelings plaasgevind het, so vroeg as die 1400's, het ons die bestel wat ons vandag het. Deur die invloede van vroeëre filosowe op ons denke oor politiek en staatkundige (regerings), het ons strewe na onafhanklikheid en vryheid gevorm.

Oor die verloop van nagenoeg 700 jaar deur monargieë, die donker dieptes van die middeleeue, Renaissance, die 2 wêreldoorloë tot by die moderne era van die hier en die nou is ons gedagtes, drome en ideale na ons strewe na vryheid en onafhanklikheid gevorm. Voorbeelde uit die geskiedenis word gebruik om in ons denke die struktuur van so ŉ model van onafhanklikheid en vryheid te skep. Ek haal aan "koninkryke met hul tekortkominge wat ontaard in tirannie, families wat ontwikkel in oligargieë, volke wat onafhanklikheid vind in republieke, gemengde gemeenskappe wat unitêre state vorm asook federale regeringsvorme in velerlei vorme, en dan die moderne mens met sy siening van vryheid wat uitdrukking kry in die een mens een stem totdat ŉ chaoties wanordelike demokrasie sy verskyning maak."

In laasgenoemde vorm van vryheid sien ons dat vandag se mens die meeste "vryheid" sedert sy bestaan beleef. Ons kan byna oor alles kies en self besluit en doen, solank ons net nie die staat uitdaag nie. Soos met die koms van plastiek, oral, oorvloed goedkoop word dit weggegooi en versamel op vullishope en in die oseaan sodat daar vandag in die oseaan ŉ plastiese eiland is ..... plastiek, goedkoop, buigbaar en rekbaar ..... Baie besluite word vandag as "goed en reg" beskou en so geregverdig, maar more is dit anders, verkeerd en word ŉ ander stel "waardes" gebruik om die probleem te regverdig. Is ons besig om op hierdie plastiese omgewing ŉ wanordelike, chaotiese demokratiese stelsel te plaas.

In die mens vind ons die saad (gedagte) van die goeie. Ons kan kies om die goeie tot voordeel van die gesin, familie gemeenskap en dan die volk te doen. In hierdie gedagte van die goeie is die verwesenlike reeds teenwoordig, soos in die saad van ŉ akkerboom, maar die doel is nog nie bereik nie. Die reusagtige akkerboom verteenwoordig dus die doel wat later bereik sal word soos met die gedagte om goed te doen, die verwesenlike sal volg. Daarom dan die keuse van indiwidu/e om goed te doen deur ŉ staatkundige bestel daar te stel, wat goed is vir die gesin, familie, gemeenskap en dan die volk. Hierdie keuse om goed te doen, gaan die ontstaan van ŉ Republiek dan vooruit.



Professor Danie Goosen aan die woord tydens die Verwoerdgedenklesing.

## die Federale gedagte (vervolg)

Fotos - Dia van Staden

*Van bladsy 1*

Hy voer aan dat federalisme die beste bestuursmodel vir Suid-Afrika kan wees. Gemeenskappe moet die vryheid hê om hul eie sake te bestuur, terwyl hulle steeds deel uitmaak van die groter nasionale raamwerk. Hy het spesifiek na die Afrikaner-gemeenskap verwys, wat deur federalisme hul kultuur en identiteit kan bewaar, terwyl hulle saamwerk met ander gemeenskappe binne 'n gedeelde nasionale struktuur. Die model bied die geleentheid vir elke gemeenskap om hul eie lot te bepaal, wat uiteindelik 'n meer stabiele en harmonieuse samelewing kan voortbring.

### DIE ERA NÁ DIE (MODERNE) STAAT – ERNST VAN ZYL

Hy is die hoof van openbare betrekkinge by AfriForum en het tydens sy digitale aanbieding beklemtoon dat die Afrikaners in 2024 'n positiewe internasionale reputasie begin herwin, met dokumentêre oor Orania en artikels in tydskrifte soos The Spectator. Hy vertel dat AfriForum en die Solidariteit Beweging gereeld navrae van Westerse lande, wat in Afrikaner-suksesstories belangstel, ontvang. "'n Sleutelrede vir hierdie belangstelling is die praktiese oplossings wat Afrikaners ontwikkel het om krisisse in Suid-Afrika die hoof te bied, wat ook Westerse gemeenskappe inspireer." Hierdie oplossings, wat sterk fokus op selfbestuur en gemeenskapsbou, word gesien as modelle wat ander lande kan volg, aangesien hul eie uitdagings toeneem.



Professor Danie Goosen, aanbieder van die Verwoerdgedenklesing en akademiese hoof by Akademia, prof. Koos Malan, 'n konstitusionele juris en emeritusprofessor in publiekreg en Alida Kok, departementshoof sosiale wetenskappe by Akademia het onder andere as sprekers tydens die Vryheidstigting se beraad op 6 en 7 September opgetree



Barend Uys, AfriForum se hoof van interkulturele betrekkinge en samewerking tydens die beraadslaging oor die federale gedagte se grondslae en toepassings. Sy tema was Suid-Afrika as gemeenskap van gemeenskappe.

### GEVOLGTREKKING

Die beraad het 'n belangrike bydrae gelewer tot die debat oor federalisme en die toekoms van gemeenskappe in Suid-Afrika. Prof Koos Malan se refleksie oor Johannes Althusius se idees het 'n historiese grondslag gelê vir die begrip van selfregering, terwyl Alida de Kok die onmisbare rol van gesinne in die politieke landskap uitgelig het. Barend Uys se konsep van Suid-Afrika as 'n gemeenskap van gemeenskappe het die pragmatiese en toepaslike karakter van federalisme beklemtoon. Carel Boshoff, hoof van die Vryheidstigting, het in sy repliek uitgewys dat die federale gedagte nie net histories relevant is nie, maar ook 'n noodsaaklike en benutbare visie vir die toekoms bied.

Die Vryheidstigting se Facebookblad bevat die volledige toespraak van Prof Danie Goosen. **KLIK HIER**



Ernst van Zyl, hoof van openbare betrekkinge by AfriForum het digitaal by die beraad aangesluit en sy menings oor die era na die modern staat gedeel.



Carel Boshoff, hoof van die Vryheidstigting het die program gelei en deurentyd samebindende kommentaar gelewer.

# Resensie: Erfstad - ruimte en plek vir die vierde Afrikaner – Wikus Buys

deur - ds. Ronald Bain

Dis baie betekenisvol dat die boek *Erfstad* op Woensdag 4 September in Orania bekendgestel is. In hierdie insiggewende kyk op die Afrikaner se ontwikkeling van sy ruimtelike kultuur, bied dr Wikus Buys 'n belangrike bydrae deur daarop te wys dat die Afrikaner haar eie stad nodig het om weer vry te kan word. Ruimtelike kultuur is die wyse waarop 'n gemeenskap oor die aard van ruimte dink en hulle plek binne daardie ruimte vind en vul.

*Erfstad* wys met dieptenavorsing oor ons wordingsgeskiedenis daarop dat die Afrikaner se ruimtelike kultuur, werklik uniek is. In kort: ons het as volk in ons ruimtelike kultuur die stad grootliks misgeloop en ons het reguit oorgegaan na die stigting van state toe. Vandaar die Afrikaner se liefde vir die plaas en aversie vir die stad.

Verder wys *Erfstad* daarop dat die Afrikaner se tradisionele ruimtelike kultuur 'n inherente teenstrydigheid met hom saamdra, naamlik dat die Afrikaner groter ruimtes begeer as wat hy kan bewerk, bewoon of bewaak. Daarom het die Afrikaner ander volke op 'n voogdyskaplike manier ingespan om hierdie wanbalans te probeer herstel. Dit het natuurlik katastrofiese gevolge vir ons vryheid gehad.

Die enigste wyse waarop hierdie wanbalans herstel kan word is deurdat die Afrikaner 'n stad bou, met 'n omliggende streek waarin die Afrikaner se kulturele arbeid tot wasdom kan kom. Die Afrikaner wat egter inherent skepties staan teenoor stede as plekke van vryheid sal in diepte moet herbesin en selfondersoek doen oor sy vryheidstrewe.

Verder lê dr Buys die klem daarop dat ons volk 'n roeping tot vryheid het. Ons vryheid is dus 'n opdrag van die Here. In die huidige bestel is die Afrikaner 'n blote staatsburger van 'n nasiestaat en nie meer 'n burger van 'n gemeenskap met 'n eie land nie. Aangesien die Afrikaner ingesweer is onder die sosiale kontrak van Suid-Afrika – soos vergestalt in die konstitusie – is dit bykans onmoontlik vir Afrikaners om in hierdie bestel weer vry te kan wees om die Here as 'n volk te dien. Die Afrikaner sou slegs kon reken op bepaalde kulturele ruimtes wat die meerderheidsregering toelaat of weer wegvat.

*Erfstad* bepleit 'n algehele herbesinning van ons onderworpenheid aan die Suid-Afrikaanse grondwet en bepleit die daarstelling van 'n nuwe Afrikanerhandves wat juis die Suid-Afrikaanse sosiale kontak verwerp en weer met die verbondsgedagte werk. Dit beteken dat 'n volk eerstens verbonde aan God moet bestaan en daarom ook in verbondenheid met mekaar voor sy aangesig kan bestaan. Daardeur kan nuwe bande gesmee word wat op wedersydse respek geskoei is. Hierdie verbondenheid aan God en mekaar is histories deurgaans in elke handves of grondwet van die Voortrekkers en Boere geopenbaar .





Dr Wikus Buys neem die eerste eksemplaar van sy boek, Erfstad, in ontvangs nadat Kameelberg Uitgewers se Yolandi en Carel van den Berg die samestelling en drukwerk hanteer het.

Hierdie Afrikaner, wat ons roeping tot republikeinse vryheid juis so verstaan, noem dr Buys die vierde Afrikaner of die Westelike Republikein. Hy skryf op bladsy 402 van sy boek: "Die vierde Afrikaner kan 'n nuwe Afrikaner-beskawing bedink, anderkant die bouvalle van die Suid-Afrikanisme. Die vierde Afrikaner kan weer tot 'n nuwe gemeenskapstigting oorgaan, waar deur eedswering aktiewe burgerskap verwoord word as deelnemende borgskap van die verbonde gemeenskap." Dis 'n mondvol, met diep en aangrypende implikasies.

Die boek se vertrekpunt is dus nie 'n wetenskaplike analise daarvan of 'n stadstaat as republiek in die Afrikaner se kraal val nie. Die vertrekpunt is of Christus ons volk roep om Hom weer in vryheid te dien, en of Hy ons vryheid begeer.

Daarom is *Erfstad* noodsaaklike leesstof vir diegene wat erns maak met ons volk se roeping tot vryheid, maar wat ook bereid is om eerlik na ons volk se blindekolle te kyk, wat ons ons vryheid gekos het. Terwyl ons met hoë waardering op die breë skouers van ons voorgeslagte staan, sal 'n boek soos *Erfstad* ons help om nie weer dieselfde foute te begaan as wat voorheen in hierdie wye landstreek begaan is nie.

Ten slotte, die gehoorsaming van ons roeping tot volksvryheid loop volgens dr Buys deur 'n erfstad heen. 'n Stad wat net die Here vir ons in sy genade kan laat erf en 'n stad wat ons as erfenis vir ons nageslagte op hierdie kontinent moet nalaat, sodat hulle die Here in vryheid kan dien.





Daar is gesellig by die Kameeldoring lokaal gekuier nadat formaliteite van die boekbekendstelling afgehandel is.

# Gesoute radioman word Stasiebestuurder



Dia van Staden - Redakteur

In Mei 2024 kon James Kemp en sy vrou tien jaar in Orania vier. Vanaf September 2024 breek 'n nuwe seisoen egter vir die egpaar en hul dogtertjie aan, want James is onlangs as die nuwe Stasiebestuurder van PretoriaFM aangekondig.

"Ons basis gaan nou in Pretoria wees, maar my Oraniahuis sal ons behou en ons beskou onsself steeds as inwonende Oraniërs," vertel James tydens 'n onderhoud met Koerania. Hy is sedert 2006 'n lid van die Orania Beweging en spreek homself gereeld sterk uit oor die waardes van Orania en die Orania-idee.

Pretoria, waar heelwat van hul familie en baie vriende wooon, is vir dié gesin baie bekend, maar die finalel besluit om te verhuis was nie ligtelik geneem nie. "Ek gaan nie ligtelig met die term om nie, maar ek voel geroepe tot hierdie taak. Twintig jaar gelede het ek my heel eerste nuusberig by Radio Pretoria geskryf en was ek deurlopend by die stasie betrokke. Radio is vir my 'n passie," vertel James met sy hart op sy mou, terwyl Lillie-Marie met groot oë vir haar pappa kyk.

Die feit dat Orania nie meer James se voltydse adres gaan wees nie gaan vir hom met bepaalde heimwee gepaard. "Om hierdie rol te kan beklee is in 'n groot mate iets wat waar word, wat ek nie eers geweet het ek het in my nie. Die keuse het my laat worstel, maar ek het in my binneste gevoel dat hierdie iets is wat ek MOET doen."

Aangesien 'n stasiebestuurder, volgens ICASA se voorskrifte, nie as omroeper mag optree nie gaan hy nie meer op die lug gehoor word nie. Politiek is sy kos en die verkiesingsdekking gaan hy beslis mis. "Vanaf 2014 het PretoriaFm regstreeks vanaf die nationale uitslagsentrum uitgesaai. Ons moes daarvoor baklei, want die onafhanklike verkiesingskommissie het ons as streeksender beskou. Ek is trots om dit na te laat en in my nuwe posisie verhoudings voort te bou."

Verandering bring egter nuwe geleenthede en James sien uit na die prominente digitalisering van PretoriaFM waar hul op potsendings, Youtube nuusaanbiedings en die uitbreiding van hul sosiale media platforms gaan fokus. "Ons gaan 'n groter kuberteenwoordigheid handhaaf, want dit vorm deel daarvan om in pas te bly met tegnologie," beduie hy opgewonde. Hy beaam dat tradisionele nuusbronne nie meer so gereeld aangewend word nie en dat toepassings op 'n selfoon en rekenaar enige nuusbron se gehoor verbreed. Alhoewel hy kennis neem van ander radiostasies, noem hy dat PretoriaFM eerder sy eie grootste kompetisie is. "Ons waak teen stagnering en wil die Afrikaanse, en selfs Engelse mark, deurlopend en met kwaliteit inhoud bereik."

Enige persoon wat meer as 30 minute in James se geselskap is sal gou agterkom hoe groot sy nuus- en sosiale netwerk is. "Oor jare het ek myself omring met mense wat ek respekteer. Ek sukkel om oor 'n lang tydperk met persone verhoudings te bou indien daar nie respek is nie." Hy geniet dit om wysheid en leiding te put uit vriende of kollegas in sy werksomgewing. Sy vele nuuskontakte sal voortaan deel van sy kollegas se databasis word. Esmari Ysel is as die nuwe Hoofredakteur: Nuus en Aktualiteit by PretoriaFM aangestel.

Hy kan nie anders as om 'n paar goed te noem wat hy gaan mis nie. "Visvang met my dogtertjie, 'n koue bier saam met goeie vriende en my byna daaglikse Melk en Heuning-besoeke."

James het sy rol in die Oraniagemeenskap hoog geag en was onder andere as lid van die uitvoerende raad by die Orania Beweging, die regsplegingpaneel, cantus, Raar maar Waarfondsinsameling, Kaalvoetkonsert, Orania Skouspel en vele ander gemeenskapsprojekte betrokke.

Orania en sy selfwerksaamheidsbeginsel, ryk kultuur en vele tradisies laat geen individu onaangeraak nie. James vertel dat hy as man in Orania geleer het dat dit belangrik is om sterk te staan, maar dat dit nie onaanvaarbaar is om soms te erken dat jy kwesbaar is nie.

As leier het die dorp hom geleer dat enige posisie van mag met baie verantwoordelikheid gepaard gaan en dat dit belangrik is om nie te vergeet dat leierskap net rentmeesterskap vereis van iets wat aan 'n klomp ander mense behoort.

Hy neem sy vaderskap ernstig op en het hier geleer dat die eenvoudigste dinge wat pa en dogter saam doen, die kosbaarste herinneringe bring en grootste trefkrag het. In sy vriendekring het hy geleer dat dit soms beter is om te luister as wat dit is om advies uit te deel.

Karin, sy vrou, is 'n optometris wat steeds maandeliks haar kliënte in Orania sal diens. As eggenoot het James in Orania geleer dat hy nie moet huiwer om vir sy vrou te vra of alles reg en onder beheer is nie.

James se dae as rubriekskrywer vir Baba en Kleutertydskrif is verby aangesien sy dogter en hy dié tydperk ontgroei het. Daar kan egter uitgesien word na 'n potsending-reeks waar James eersdaags met ander pa's oor hulle ouerskap en vele interessante onderwerpe onderhoude gaan voer.

Daar word geskerts dat James nou stasiebestuurder deur die dag sal wees, maar in 'n lid van Soms wen die wolf in die nag verander. "Ons gaan binnekort ateljee toe en tussen Oktober en Desember gaan ons orkes baie optree. Aanhangers kan kyk hoe ons oorskakel na die volgende rat, want ons is reg vir dit." Die luide musiek wat meestal uit hul eie penne kom, bestaan uit vier professionele beroepsvriende wat dit as 'n prettige uitlaatklep beskou.

Hy vrees dit om wakker te word en uit te vind dat hy dalk sy lewe droom. "Ek voel soos Liewe Jesus se witbroodjie. Ek besef daar is algemene uitdagings wat waag, maar ek kan nie vir meer vra as wat ek nou het nie."

Hy eindig met sy wens vir Orania: "Oraniërs, hou die doel voor oë en wees bewus daarvan dat niks vanselfsprekend is of vanself sal kom nie."

**Koerania wens James Kemp en sy gesin 'n wonderlike toekoms toe!**

---

**Promosie**

## 1914-Rebellie word deur 'n nuwe lens bekyk by die Voortrekkermonument

"Mens moet jou geskiedenis verstaan, anders verstaan jy nie jou mense nie." Só vertel prof. Jackie Grobler, een van ons land se mees gevierde historici toe hy op 29 Augustus by die Voortrekkermonument (VTM) kom kuier het om 'n lesing aan te bied oor die Rebellie van 1914.

Hierdie lesing is deur die Erfenisstigting (ES) aangebied, wat gereeld hierdie tipe projekte aanpak om broodnodige bewusmaking te kweek oor die belangrikheid van geskiedenis en erfenisbewaring.

Groot geeste uit die Afrikaanse kultuurwêreld, soos dr. Pierre Edwards, voormalige hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool, die hoofleier van Die Voortrekkers, Karin Stofberg en Flip Buys, uitvoerende hoof van die Solidariteit Beweging was onder die gehoor.

Lizette Jansen, bestuurder van die ES, sê sy hoop dat hierdie praatjie mense inspireer om hul eie geskiedenis te leer ken én daarop te begin bou.

"Vanjaar is dit die 110de herdenking van die 1914-Rebellie daarom het ons dit goedgedink om prof. Grobler te nooi om dié belangrike historiese gebeurtenis te herdenk," sê Jansen.

"Dié Rebellie is redelik onderbeklemtoon in vergelyking met gebeurtenisse soos die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog en ek kan nie aan iemand meer kundig dink om 'n nuwe lig hierop te laat skyn as prof. Grobler nie."

Grobler was jare lank 'n geskiedenislektor verbonde aan die Universiteit van Pretoria én het ook al gedien op die direksie van die VTM.

Tydens die lesing, getiteld Die Afrikaner-rebellie van 1914 in die konteks van protesbewegings van die Afrikanergemeenskap het prof. Grobler gefokus op verskeie eras uit die Afrikanergeskiedenis, naamlik 1795, na wie hy verwys as die Patriotte, die Voortrekkers van 1835 tot 1848, die Transvalers van 1880 tot 1881 én die Afrikaners van 1914.

"Of mens wil of nie, ons is almal nageslagte van mense, mense wat verskillende goed gedoen het en daarom móét ons kan terug kyk na die lewe van dié mense om meer te leer oor hulle, onsself en die wat na ons gaan kom," sê Grobler.

Rebellie, opstand of betoging, het Grobler vertel, het 'n groot impak in die geskiedenis van die Afrikaner gehad.

"Waarop het die vier rebellies uitgeloop?" stel hy die vraag:

Voor die Groot Trek het die grensboere se "rebellie" gelei tot die verval van die sogenaamde Republieke van Swellendam en Graaff-Reinet, tóg, vertel hy, het die vryheidsdroom voortgeleef. "Dit het natuurlik gelei tot die Groot Trek en die stigting van die Boererepublieke."

Later het die Afrikaneropstand gelei tot die Eerste Vryheidsoorlog en die herstel van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

"Die Rebellie van 1914 het misluk, maar was vir die regering 'n Pyrrhiese oorwinning wat gelei het tot 'n groter sosio-kulturele rewolusie – Die Vroueoptog van 1915, die stigting van die Helpmekaarbeweging – en het as 'n stimulus vir Afrikaanse letterkunde gedien."

Die eeueoue uitdrukking lei "as jy nie weet waar jy vandaan kom nie, sal jy ook nie weet waarheen jy op pad is nie", en hierdie lesing van prof. Jackie Grobler het net weer bewys hoe belangrik dit is om mens se geskiedenis te ken, te bewaar en te onderhou.

---

**Promosie**

## Die Solidariteit Beweging staan verenig teen die BELA-wetsontwerp: 'n Stryd vir onderwysvryheid en die toekoms van Afrikaans

Verskeie organisasies van die Solidariteit Beweging, waaronder die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigige (FAK), het vandag in 'n perskonferensie 'n verenigde front aangekondig om teen die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (BELA) te staan.

Die koalisie van sewe instellings het aangekondig hulle sal die regsroete volg om die wetsontwerp se nadelige uitwerking op die outonomie van skoolbeheerliggame en die toekoms van Afrikaans as onderrigtaal in skole te weerstaan.

Die BELA-wetsontwerp, wat na verwagting Vrydag deur president Cyril Ramaphosa onderteken sal word, dreig om sleutelbesluitnemingsbevoegdhede wat verband hou met skooltoelatings en taalbeleide te sentraliseer. Hierdie verskuiwing, voer die koalisie aan, sal gemeenskapsgedrewe onderwys ondermyn en die regte van ouers, onderwysers en skoolbeheerliggame aftakel om te besluit wat die beste vir hul kinders is.

Gerhard Pretorius, kommunikasiebestuurder van die FAK, het tydens die perskonferensie die koalisie se bekommernisse passievol verwoord: "Ons kinders is pionne in die regering se skaakspel en hulle gee nie om om die toekoms van ons land op te offer vir hul eie selfsugtige gewin nie. Een van die voorwaardes vir die Regering van Nasionale Eenheid was dat die BELA-wet, soos hy nou staan, nie onderteken sal word en in werking sal tree nie."

**Pretorius sê 'Los my Afrikaans!' is nie meer net 'n slagspreuk nie.**

"Dit is 'n oproep om die nalatenskap en toekoms van Afrikaans in ons skole te beskerm. Die BELA-wet het ten doel om die magte van die beheerliggame weg te vat oor onder meer taalbeleide en dit te sentraliseer in die regering se kloue. Dit ontneem gemeenskappe van hul reg om te besluit wat die beste vir hul kinders is."

Die regering is aggressief besig om rassewetgewing te druk.

"Daar is nou 142 rasgebaseerde wette wat in die struktuur van ons land se bestuur ingebed is. Hul volgende teiken is Afrikaans, aangesien hulle stelselmatig poog om dit uit skole uit te wis, net soos dit reeds van verskeie universiteite gestroop is," sê Pretorius.

As Afrikaans nie meer die onderrigtaal in skole is nie, word 'n stadige uitwissing in die gesig gestaar. Is die regering se volgende doelwit om die derde mees gesproke taal in Suid-Afrika uit te roei? Afrikaans is een van die jongste tale ter wêreld, en in minder as 'n eeu het dit gegroei tot 'n ten volle ontwikkelde wetenskapstaal. Tog dreig die regering nou die 2226 openbare Afrikaanse skole in ons land. Ons kan nie bystaan en dit laat gebeur nie!

"Die handskoene is af. As president Ramaphosa die BELA-wetsontwerp onderteken, sal ons hom in die hof sien!" sê Pretorius.

Die koalisie beskou die BELA-wetsontwerp as 'n algehele aanval op die regte van ouers, gemeenskappe en skole om die beste opvoedkundige omgewing vir hul kinders te bepaal. Die wetsontwerp se bepalings, wat skoolbeheerliggame van hul gesag oor taalbeleide en toelating ontneem, kan lei tot die sistematiese erosie van Afrikaansmediumonderrig regoor die land.

**Die boodskap van vandag se perskonferensie is duidelik: "Los My Afrikaans uit!"**

Dit is meer as 'n stryd vir 'n taal — dit is 'n stryd vir die toekoms van gemeenskapsgedrewe onderwys in Suid-Afrika. Die FAK glo vas dat die BELA-wetsontwerp sal lei tot die geleidelike uitwissing van Afrikaans as onderrigtaal in skole, tensy daar onmiddellik opgetree word.

Die koalisie staan gereed om die regte van ouers, onderwysers en gemeenskappe in die hof te verdedig, en sal voortgaan om steun regoor die land te werf.

Vir verdere inligting, kontak vir Gerhard Pretorius, kommunikasiehoof van die FAK, by gerhard@kultuurtuiste.org

DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST


# LAAT U ERFENIS GROEI

Ondersteun studente se drome deur u nalatenskap

Erflatings is nie net 'n manier om jou bates na jou dood te verdeel nie, maar dit is ook 'n geleentheid om 'n positiewe impak te maak op die lewens van ander.

Deur jou erflating te gebruik om 'n studiefonds te skep, kan jy die deur na tersiêre onderrig oopmaak vir studente wat andersins nie die geleentheid sou hê nie.

Die Helpende Hand Studietrust is 'n geregistreerde en openbare weldaadsorganisasie wat 'n belastingvoordeel vir u boedel kan inhou ingevolge artikel 4(h) van die Boedelbelastingwet.



Besoek **www.hh-studietrust.co.za** of stuur 'n e-pos na **studietrust@helpendehand.co.za** vir meer inligting.

WWW.ORANIAKARNAVAL.CO.ZA

# ORANIA KARNAVAL 2024

GESINSKAARTJIE: Ф240

WEEKKAARTJIE: Ф210

DAGKAARTJIE
VOLW. Ф80 EN KIND (O/12) Ф40

TOEGANG VRYDAG:
GRATIS

# 21 - 28 SEPTEMBER 2024

## Saterdag 21 September

**18:30 PLAASBRAAI**
*ORANIA SPORTTERREIN*
**'n Osbraai ter viering van Orania**
Volwassenes - Ф50;
Kinders (2 - 12 jaar) - Ф30
Bring eie eetgerei en bykosse.

## Maandag 23 September

**18:30 DIE WATERWYSER - 'N OKER KOMEDIE**
*GEMEENSKAPSAAL*
Volwassenes - Ф50;
Kinders (2 - 12 jaar) - Ф25

## Dinsdag 24 September

**14:00 KAALVOET-KONSERT**
*GEMEENSKAPSAAL*
Volwassenes - Ф70;
Kinders (o/12) - Ф50

**19:00 KAALVOET-KONSERT**
*GEMEENSKAPSAAL*
Volwassenes - Ф70; Kinders (o/12) - Ф50

## Woensdag 25 September

**19:00 KAALVOET-KONSERT**
*GEMEENSKAPSAAL*
Volwassenes - Ф70;
Kinders (o/12) - Ф50

## Donderdag 26 September

**18:30 NEON NAGDRAF - 4KM**
*ORANIA SPORTTERREIN*
**'n Neonkleurige kuier deur die strate van Orania**
Volwassenes - Ф50
Kinders o/12 - Ф30
*Gemsbok Sportinstituut*

## Vrydag 27 September

**12:00 STALLETJIES OPEN**
*ORANIA SPORTTERREIN*
**Deurlopend:**
'n Verskeidenheid stalletjies

**13:00 ANTIEKE TREKKER-DEMONSTRASIE**
**oom Graham Wilson**
*ARENA*

**15:00 VLOTOPTOG: ONS EIE**
**Versamelpunt vir vlotte:**
*EUREKA KRUISING*

**16:15 VLOTOPTOG PRYSUITDELING**
*ORANIA SPORTTERREIN*

**16:30 DANSVERTONING**
**WD Dans Akademie**
*ARENA*

**17:00 DOGZCOOL**
**Voorvertoning**
*ARENA*

**17:30 BOOGSKIET KOMPETISIE**
**Koedoe Boogskiet Akademie**
*ORANIA BETONLETTERS*

**18:00 BRIAN CAPPER**
**Voorvertoning**
*ARENA*

**19:00 KARNAVALOPSKOP**
*KUIERTENT*

## Saterdag 28 September

**08:00 HEKKE OPEN**
*ORANIA SPORTTERREIN*
**Deurlopend:**
'n Verskeidenheid stalletjies
Helpmekaar Kinderpret
Vonktjorritte

**09:30 SKOPFIETSIE-UITDAGING**
**Kinders 3 - 5jr**
**Pryse te wen!**
*ORANIA SPORTTERREIN*
Kategorieë O/3, O/4, O/5 -
Bring eie skopfietsies

**10:00 - 11:30 AMBAG-UITDAGINGS**
*ARENA*
Sweis-, bou- en Ingenieursuitdagings

**11:30 ANTIEKE TREKKER-DEMONSTRASIE**
**oom Graham Wilson**
*ARENA*

**12:00 BOOGSKIET KOMPETISIE**
**Koedoe Boogskiet Akademie**
*ORANIA BETONLETTERS*

**13:00 BOERESPORT**
**aangebied deur Gemsbok Sportinstituut**
*ARENA*

**14:30 TOUTREK**
**aangebied deur Orania Toutrekklub**
*ARENA*

**15:30 STERKMAN-VERTONING**
*ARENA*

**16:30 DANSVERTONING**
**WD Dans Akademie**
*ARENA*

**17:00 DOGZCOOL**
*ARENA*
Hondevertoning

**18:00 BRIAN CAPPER**
*ARENA*

**19:30 RAY DYLAN**
*KUIERTENT*

**KAALVOETKONSERT**
*24 & 25 SEPTEMBER*



**NEON NAGDRAF**
*26 SEPTEMBER 18:30*



**VLOTOPTOG**
*27 SEPTEMBER 15:00*





Brian Capper

SATERDAG
18:00
*ARENA*



Ray Dylan

SATERDAG
19:30
*KUIERTENT*

ONS EIE

Skandeer kode vir aanlyn program

# Hoe dink jy oor vry-wees as Oraniër?

MENINGSOPNAME



**Jaco Kleynhans**

Om vry te wees moet 'n mens stewig gewortel wees. Bome met sterk en gesonde wortels dra takke wat met selfvertroue die lug in kan strek. In Orania moet ons seker maak dat volgende generasies Oraniërs gesonde wortels het, maar ook die ruimte en geleenthede om sterk takke te kan groei wat hulle sal help om waarlik vry te kan leef.



**Tony Correia**

Vry-wees as 'n Oraniër moet gesien word in die lig van ons roeping tot gehoorsaamheid aan God se Woord. Ware vryheid kom deur Christus, wat ons bevry van die mag van sonde en ons in staat stel om in regverdigheid te leef. Ons vryheid is dus nie absolute outonomie nie, maar 'n geleentheid om God te dien en sy wil uit te leef.



**Sarel de Villiers**

Alhoewel ons deel is van Suid-Afrika en val onder die wette van die land is ons in Orania vry om ons taal, kultuur en godsdiens uit te leef sonder inmenging van buite. Dit is al die begin van vry-wees.



**Frik Bekker**

Vry-wees beteken om sonder vrees of druk tussen die mense wat dieselfde as ek dink, doen en aanbid te lewe, op die plek van my keuse.



**Sam van Rensburg**

Om as Oraniër 'vry te wees' beteken baie meer as om outonomie oor ons gemeenskap te hê. Die vryheidsideaal beteken selfs meer as die reg op kulturele selfbeskikking. Wanneer ons aan vryheid dink, dink ons aan totale onafhanklikheid, om weer 'n vrye volk in 'n vrye land te wees! Dit is die werklike betekenis van "om vry te wees."



**Jacobus le Grange**

Om in die toestand van vryheid te verkeer; geen gevangene: Vry in Christus, vry van sonde, vry om vry te spreek, vry van oorheersing, vry van mag. Ook vry van magsbehepthеid, vry van gierigheid, met niks om weg te steek nie, niks om te verloor nie, niks om te vrees nie. Dit kom teen 'n prys en is ook 'n keuse.



**Hans van Staden**

Ek sien dat ons nog 'n lang pad het om te loop vir vryheid, want vryheid moet verdien word. Dit word nie gedink of gepraat nie.




**Johan Naude**

Mense in Orania dink hulle is vry wat nie regtig die waarheid is nie. Ons is nogsteeds onder die SA wette en het steeds die haat-swaard oor ons koppe, al bly ons meer afgesonder as ander. Om werklik vry te wees is om eerstens vrede met jouself en dan die mense om jou te hê en vrede te handhaaf met almal wat jy teëkom. Dan sal God die Vader die "haat-swaard" van jou weerhou.



**Jan Snyder**

Vry-wees is 'n staat van bestaan waarin individue nie net vry is van fisiese of politieke onderdrukking nie, maar ook geestelik en moreel vry is.



**Ludwig Everson**

In Orania het ons baie vryhede, as dit by vryheid van beweging kom, kan ons veilig te voet of met 'n fiets winkels of skool toe gaan, sonder om bekommerd te wees.

Ons geniet ook vryheid van geloof en spraak, tog kan ons leer om beter na mekaar te luister en meer vir mekaar om te gee.

Wanneer dit by die vryemark (koop en verkoop) kom, kan ons kies vir 'n beter balans; ons ondersteun ons eie arbeid, maar koop dikwels produkte van ander plekke af, wat nie goed is vir ons eie vryheid en gesamentlike sak nie.

# 'n Huldeblyk vir Oom Chris Jacobs

**Roelien de Klerk** - vriendin van die egpaar

As ons oom Chris Jacobs se kis laat sak, sal dit nie net 'n gewone kis wees nie. Dit is 'n skatkis wat in Orania se eie grond gebêre word. In hierdie skatkis is baie verhale, mooi herinneringe en uitsonderlike eienskappe van 'n man wat vir sy gesin, sy volk en vir sy God geleef het. Oom Chris (dit is sy dorpsnaam) was groot in gestalte, maar hy het 'n klein hart gehad. Sy groot hande was altyd oop. Sy sagte stem het hard getref met wyse woorde, sy geduld het storms stil gemaak. Sy vurige ywer is in kalmte en in liefde oorgedra. Oom Chris kon luister, 'n eienskap waaroor min mense beskik.

Tydens sy grootword-jare het hy saam met die Boesmans spoorgesny en daardie fyn waarneming wat hy aangeleer het, het hy toegepas deur met waardering en empatie teenoor mense op te tree. Oom Chris het altyd tyd gehad, maar hy het meer as genoeg gedoen gekry…en as hy iets doen, kon jy weet dit sal goed wees.

Hierdie groot man is 'n Klein Reus wat groot idees help realiseer het. Hy het moue opgerol vir ons almal. Sy bydrae in Orania sal deel wees van die skatte wat hy nalaat. Oom Chris verdien 'n rusplek in ons eie grond, die grond wat hy lief gehad het en die grond wat ons voortaan sal aanhou bewerk, soos hy dit sou wou hê



Koerania wil graag hul medelye aan Corrie Jacobs en haar familie betoon met die afsterwe van Chris Jacobs op Saterdag 7 September 2024. Oom Chris het met 'n sagte gees sy groot spore getrap. Mag die familie berusting vind en al die kosbare herinneringe koester.

# Gedeeltelik aangeskakel…

Orania se 4.8 MWh battery is op 29 Augustus met die netwerk geïntegreer en aangeskakel. Die optimalisering van die beheerstelsel word steeds ontwikkel en die Orasolspan hoop om op 21 September die finale aanskakeling te doen, aangesien sekere noodsaaklike drywers nog deur ingenieurs van verskaffers geïnstalleer moet word. Dié gebeure vind maande na die aanvanklike spertyd plaas, maar dit bly 'n groot tree na energie-onafhanklikheid.

Mauritz Meyer en 'n buite ingenieur maak, voor die aanskakeling van die omsetters, seker dat alles korrek gekoppel is. Mauritz en die elektriese afdeling van die Orania Dorpsraad se kundigheid en ywer het grootliks bygedra tot die uiteindelike sukses.






# Busvervoer kry 'n unieke voorkoms in Orania

Eleksa Orania se twee nuwe elektriese busse se nooiensrit vind toe op Vrydag 13 September vanaf Gannabos na Knapsak plaas. Elke bus kan tot 22 persone vervoer. Pendel 1 en 2 is vir die eerste rit stampvol gelaai met pendelaars wat graag die rit wou ervaar.

Albei die busse laat die Oraniavlag trots wapper terwyl die unieke ritte onderneem word. Jannie Roux, die eienaar van Eleksa, is opgewonde om te sien hoe publieke vervoer in Orania nog vorentoe sal ontwikkel. Hy het egter nou die voorbeeld met dié 2 pragtige busse gestel.







Fotos - **Dia van Staden**


ELEKSA Pendeldiens



**Eleksa Orania Pendeldiens**

van Kleingeluk tot by Orania-Wes.

Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Eleksa en Vulstasie.

**Tot en met 20 April is alle ritte gratis.**

Vanaf 22 April sal die kaartjiekostes vir onbeperkte ritte per dag as volg wees:
Ritkaartjie Ɵ10.00 | Dagkaartjie Ɵ30.00
6 Dae (weekkaartjie) Ɵ120.00
26 dae (maandkaartjie) Ɵ400.00

Bejaardes 80 en ouer, tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer.

Vertrektye vanaf Gannabos elke halfuur vanaf 06:30

Vulstasie elke halfuur vanaf 06:45 tot 09:00. Daarna uurliks, op die uur vanaf Gannabos en op die halfure vanaf Vulstasie.

Dienste stop daagliks om 20:15 en Saterdae om 15:00

**GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!**

VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575

# STUDIEAANSOEKE VIR 2025 IS OOP!

## NASIONALE N-DIPLOMA: SIVIELE INGENIEURSWESE

Kom studeer by BKO en help bou aan 'n

*hoopvolle toekoms!*

**SKRYF IN BY BKO.CO.ZA**

053 110 0620 061 768 1852 ontvangs@bko.co.za

# Die Orania Aandeleblok se direksie is weer voltallig



Die bestaande en nuwe lede van die OAB direksie is op Vrydag 13 September, tydens die Aandeelhouersvergadering aangekondig. Voor van links na regs is Lida Strydom, Ludwig Everson en Francois Joubert. Agter staan Johan Venter, Conrad Basson, Elred Ferreira, Frans de Klerk en Hanri Maritz. Die twee nuwe direksielede, Conrad en Ludwig word verwelkom en sien daarna uit om die gemeenskap te dien.



Lida Strydom is vir 'n tweede termyn as burgemeester herverkies. Sy is dankbaar vir die fase waarin Orania tans is en dat daar kapasiteit vir uitvoering is, want daar moet n plek vir Afrikaners gebou word waar hulle kan tuiskom. Sy is oortuig dat dit 'n roeping is om Afrikaners te beplek.

## Kuierplekke ignoreer voorgeskrewe sluitingstye

Op Saterdag 7 September is daar heerlik by die Orania Sportterrein na verskeie kunstenaars geluister tot die finale kunstenaar om ongeveer 22:00 sy laaste note gesing het. Meer as 2 000 mense het stelselmatig die sportterrein verlaat, maar daar was 'n paar honderd wat duidelik nog nie klaar gekuier het nie.

Die onderskeie kuierplekke in Orania laat ruimte vir sosialisering. Orania se reëls vereis egter dat kuierplekke saans om 23:00 hul laaste drankierondtes aan kliënte bied en om 24:00 stil en gesluit is. Alle kliënte en personeel moet dan die perseel verlaat het.

Ettiene de Lange, hoof van die Orania Veiligheidsdiens (OVD), het aan Koerania bevestig dat daar voor die naweek se musiekfees met alle eienaars van kuierplekke vergader is om hul samewerking, veral na afloop van die fees, te versoek en te verseker.

"Ons kry die gevoel dat eienaars van kuierplekke teen OVD werk, en dit gaan seker maar oor geld wat gejaag word," verduidelik Ettiene. Hy vertel hoe OVD-personeel tot na middernag die strate gepatroleer het, maar dat dié kuierplekke aangespreek moes word om hul deure die Sondagoggend om 00:30 te sluit.

"Oramed het OVD net voor middernag in kennis gestel van 'n ernstige aanrandingsaak wat in 'n kuierplek plaasgevind het. Die saak is wel in Hopetown by die SAPD vir verdere ondersoek aanhangig gemaak," deel Ettiene. Die klaer en die skuldige party is aan OVD bekend en die dossier word bygehou. Die regspraakafdeling sal die saak moontlik verder met 'n interne mediasieproses hanteer.

Koerania het van bronne verneem dat die Vluytjeskraalbrug as gewilde kuierplek deur jongmense aangewend word omdat dit buite OVD se jurisdiksie val. Daar is vasgestel dat OVD wel reageer wanneer inwoners, wat daar naby woon, kla dat daar geraas word, voertuie gespin word, ensovoorts. "Die brug is 'n onveilige kuierplek omdat die sigbaarheid van aankomende voertuie 'n probleem is. Die brug is deel van 'n nasionale pad en buite Orania se grondgebied. Die SAPD sal egter onmiddellik optree indien daar oortredings is en oortreders gaan nie dan ligtelik daarvan afkom nie," beklemtoon Ettiene.

Die gevolge vir kuierplekke wat nie die reëls gehoorsaam nie sal streng dopgehou word en OVD besef dat die gemeenskap se oë op hulle gerig is om in hierdie geval ook regverdig en konsekwent op te tree.

Laat Koerania maandeliks by jou voordeur aflewer!

Dit bly lekker om die papier in jou hand te hê wanneer jou eie gemeenskapsnuus gelees word.

Maak gebruik van die aanbod om jou Koerania te laat aflewer sodat jy altyd op hoogte bly van ons eie mense se stories.

Of jy by die huis of by jou besigheid is, Koerania se nuus spreek tot almal.



R500-00 vir 12 maande

Besoek ons webblad by koerania.co.za/intekenvorm of skandeer die QR Kode om in te teken.

Vir meer inligting kontak Dia van Staden by 083 726 1180 of epos na redakteur@koerania.co.za

LEES DIT! DEEL DIT!

## Hanlie wil BKO op almal se lippe hoor

Hanlie Pieters het op 1 Augustus by die BKO-span aangesluit en sien daarna uit om as hul nuwe bemarkingsbestuurder die naam van BKO uit te dra. Sy is baie gou ingespan toe die Bo-Karoo Opleidingsentrum by KragDag 'n stalletjie vir bemarkingsdoeleindes hanteer het. Hannelie se man, Marnus, is steeds in Pretoria werksaam, maar hul sorg dat daar kwaliteit tyd beplan word om mekaar te sien en te kuier.

Hanlie se missie is om die naam van BKO so bekend te maak dat dit as 'n eerste opsie deur ouers en voornemende studente genoem sal word wanneer studiekeuses gemaak word.

Koerania het 'n paar vrae aan Hanlie gerig en deel graag haar insiggewende antwoorde.

1. **Vertel ons van jou beroepsgeskiedenis?**
   Ek het my loopbaan begin in kommunikasie en bemarking en het amper 30 jaar se ondervinding in verskeie korporatiewe rolle opgedoen. Ek het 'n passie vir strategiese bemarking, wat my gelei het na verskeie suksesvolle projekte en langtermyn besigheidsverhoudings. My studies in bemarking het 'n sterk grondslag gelê vir my loopbaan en het my vaardighede verskerp in die hantering van komplekse kommunikasie-uitdagings.
2. **Hoekom Orania?**
   Ek was aangetrokke tot die gemeenskap se visie vir selfstandigheid en glo dat dit die perfekte plek is om 'n bydrae te lewer tot 'n gemeenskap wat aanhou groei en vooruitgaan.
3. **Waarom bemarking?**
   Bemarking is 'n instrument wat gebruik kan word om 'n gemeenskap se ware waarde uit te dra. Dit stel my in staat om die boodskap van BKO en sy visie te deel, nie net met huidige studente nie, maar ook met potensiële nuwe leerders wat ons toekomstige leiers in beroepsvaardighede kan wees. Dit is die kern van enige suksesvolle instelling se groei.
4. **Jou toekomsvisie vir BKO?**
   Ek sien BKO as die voorloper in beroepsopleiding, nie net in Orania nie, maar regoor die land. Ons droom is om 'n impak te maak deur duisende jongmense toe te rus met skaars vaardighede wat hulle vir die toekoms sal bemagtig. Ek sien hoe ons opleiding verder ontwikkel met nuwe kursusse en innoverende metodes wat die behoeftes van ons gemeenskap en mark aanspreek. BKO gaan groei tot 'n instelling wat erken word vir sy hoë standaarde en die gehalte van sy studente.
5. **Jou opinie oor die rol van vroue in 'n gemeenskap?**
   Ek glo vroue speel 'n integrale rol in enige gemeenskap. Ons bring nie net organisasie en leierskap na elke faset van die lewe nie, maar ons dra ook by tot die bou van gesonde gesinne en sterk, ondersteunende omgewings.
6. **Wat is jou uitnodiging aan studente vir 2025?**
   BKO is gereed om 2025 aan te pak met nuwe kursusse, meer geleenthede en 'n groter fokus op praktiese vaardighede wat regtig 'n verskil kan maak. As jy 'n toekoms wil bou en 'n hoopvolle toekoms wil hê, is BKO die enigste keuse!



Hanlie Pieters is die eerste Bemarkingsbestuurder wat by die span van die Bo-Karoo Opleidingsentrum aangesluit het.

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, notarisse en aktevervaardigers

- Advies met verkoop van eiendom
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Notariële waarmerkings
- Algemene regsadvies
- Eiendomsreg
- Testamente

KONTAK ONS VANDAG NOG!

Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za

GRONDLYN **Begronde riglyne vir vandag se vrae**

BEGROND Instituut vir Christelike Grondslagstudies

# Vry vir iets nuut

Alistair van Heerden - Begrond

**VRYHEID VOLGENS DIE BYBEL IS 'N BESONDERE RYK WOORD EN GAAN VEEL DIEPER AS DIE OPPERVLAKKIGE IDEES VAN VRYHEID WAT DIE WÊRELD AANBIED. VRYHEID IS NIE BEPERK TOT VEILIGHEID NIE, DIT IS NIE BEPERK TOT STEMREG NIE, DIT IS NIE 'N KLEIN DORPIE MET KINDERS IN DIE STRATE NIE.**

In die samelewing word vryheid dikwels gelykgestel aan die afwesigheid van beperkinge, 'n toestand waarin iemand kan doen wat hy wil. Hierdie wêreldse siening van vryheid is egter gebrekkig, omdat dit nie rekening hou met die dieper slawerny van die menslike natuur nie—slawerny aan die sonde.

In die Bybel, en spesifiek in die lig van die evangelie van Jesus Christus, het vryheid twee duidelike aspekte. Eerstens behels vryheid 'n **vrymaking van iets**—soos sonde, onderdrukking, en die heerskappy van die duiwel. Tweedens behels dit 'n **vrymaking tot iets**—soos die vryheid om God te dien, in gehoorsaamheid aan Sy gebooie te lewe, en werke van geregtigheid en aanbidding te verrig.

## Vrymaking van die sleg

Die eerste aspek van vryheid, die vrymaking van sonde, is sentraal tot die Bybel. Die Here Jesus self het in Johannes 8:34-36 verklaar: "Elkeen wat die sonde doen, is 'n slaaf van die sonde... As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees." Die mens, as gevolg van die val van Adam, is in 'n toestand van slawerny aan die sonde gebore (Romeine 5:12). Dit beteken dat ons, van nature, nie in staat is om God se wil te doen of ons eie redding te bewerk nie. Hierdie slawerny aan die sonde bring skuldigbevinding voor God en lei tot ewige verdoemenis as dit nie bely word nie.

Christus se verlossingswerk aan die kruis het egter vir ons die weg na ware vryheid geopen. In Sy kruisdood en opstanding het Hy nie net die mag van die sonde oor ons lewens gebreek nie, maar ons ook bevry van die straf wat ons toekom. Dit is die groot barmhartigheid van God, dat Hy ons sonde op Christus geplaas het, sodat ons vry kan wees van die vloek van die wet (Galasiërs 3:13). Hierdie vrymaking is nie bloot 'n regverdiging vir ons om in sonde voort te leef nie, maar 'n werklike bevryding wat ons toelaat om in die nuwe lewe van geregtigheid te wandel (Romeine 6:18).



## Vrymaking vir die goeie

Die tweede aspek van vryheid is egter net so belangrik. Wanneer Christus ons vrymaak van sonde, bevry Hy ons tot 'n lewe van gehoorsaamheid en goeie werke. Die moderne idee van vryheid wat daarop fokus dat ons doen wat ons wil, is nie die Bybelse vryheid nie. Ware vryheid, soos dit in die Bybel verstaan word, is die vermoë om te lewe volgens die doel waarvoor ons geskep is—naamlik om God te verheerlik en Hom te eer.

Efesiërs 2:10 sê duidelik dat ons "geskape is in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." Hierdie vryheid tot goeie werke is 'n direkte gevolg van ons verlossing. Ons goeie werke verdien nie ons verlossing nie, maar is die vrug van die verlossing wat Christus vir ons bewerk het.

Boonop word ons deur die Heilige Gees in staat gestel om in hierdie vryheid te wandel. Die Heilige Gees werk in ons om ons heilig te maak en ons te lei tot 'n lewe van geregtigheid. In hierdie sin is vryheid nie die afwesigheid van reëls of wette nie, maar die krag om in ware gehoorsaamheid aan God te lewe.

## Kies ons vryheid?

In die lig van die Skrif, is ware vryheid nie bloot 'n negatiewe vryheid—vry van onderdrukking, sonde, en straf nie—maar ook 'n positiewe vryheid—vry om God te dien, om in gehoorsaamheid en goeie werke te lewe. Christus het ons nie net bevry van iets nie, maar ook tot iets: tot die doelgerigte, vreugdevolle lewe in Sy teenwoordigheid. In Orania beteken dit onder andere dat ons die vryheid moet hê om ons eie owerhede te verkies wat volgens die wil van God regeer. Hierdie vryheid is die hoogste vorm van lewe, en slegs deur die werk van Christus en die inwoning van die Heilige Gees kan ons dit ten volle ervaar.



# Die Wakis sal 'n alternatief bied

Dia van Staden - Redakteur

Meer as vyfhonderd lede van die Orania gemeenskap het hul name op 'n versoekskrif geplaas wat die wens uitgespreek het dat die Kleretrommel, wat deel vorm van die Orania Helpmekaar projekte, weer moet funksioneer soos daar jare gelede besluit is.

Elbie van Zyl het die inisiatief geneem om namens die inwoners 'n formele versoekskrif aan Orania Helpmekaar te rig. "Eerstens wou ek Orania Helpmekaar bemagtig om besluite te neem op grond van stemme uit die gemeenskap. Ek het gedink hul sou na die gemeenskap wou luister omdat verteenwoordigers van Orania Helpmekaar (OH) aanhoudend daarna verwys het dat die situasie "moeilik" was," verduidelik Elbie.

Elbie vertel meer oor die oorsprong van die Kleretrommel:

Wyle mev Adelaide Boshoff, wyle Carel Boshoff III se skoonsuster, het vertel dat onbekende persone in die eerste week of twee van Orania se ontstaan uit die bloute opgedaag het met 'n bakkievrag klere en ander huishoudelike benodighede wat hul spesifiek vir Oraniërs wou skenk. Die gemeenskap het nie op daardie stadium uit behoeftige mense bestaan nie, maar die herhaling van skenkings was vir die Orania-ideaal en hul wou die mense van Orania op 'n konkrete manier ondersteun. As gevolg van die skenkings is die Orania Maatskaplike Raad, wat later Orania Helpmekaar geword het, op die been gebring, sodat die skenkings geadministreer kon word.

Die versoekskrif was volgens Elbie geensins 'n uitdaging, petisie of veldtog, soos wat OH-bestuur beweer het nie. Dit was volgens haar en ander bloot 'n poging om 'n belangrike kwessie op 'n formele wyse aan te spreek. Die versoekskrif het dit gestel dat die Kleretrommel se skenkings nie aan nie-Oraniërs of persone sonder verblyfreg verkoop behoort te word nie, aangesien dit eksklusief vir Oraniërs se gebruik gestig is.

Die ondertekenaars van die versoekskrif het genoem dat 'n gevolg van die verkope aan enige individu daartoe lei dat skenkers vertroue verloor in die doelwit en dat Oraniërs nie die fasiliteit kan benut soos dit aanvanklik bedoel was nie.

Dit is wel bekend dat 'n Afrikanerdame uit 'n naburige dorp 'n bakkievrag voorraad by die Kleretrommel kom koop het om in 'n tweedehandse winkel te gaan herverkoop. Koerania verneem dat dié ontevredenheid ook tot die versoekskrif aanleiding gegee het.

Nadat Elbie 'n paar gesprekke met rolspelers in die gemeenskap onderneem het is daar vir Maandag 29 Julie 'n openbare gesprek gereël. Tydens die gespreksgeleentheid is die bewoording van die versoekskrif herhaal en Elbie het geleentheid gehad om daarop uit te brei.

Frans de Klerk, voorsitter van die OH direksie, het verduidelik dat die doel van die Trommel is om bekostigbare klere aan die gemeenskap beskikbaar te stel en om fondse wat gein word, weer vir die werk van die maatskaplike instelling aan te wend. "Hy het gesê dat die huidige situasie nie die doel van die Trommel belemmer nie en dat hy daarom geen rede sien om aan die versoekskrif te voldoen nie," vertel Elbie.

"Na afloop van die gesprek kom dit voor asof OH eerder die beeld na buite prioritiseer as om die wense van die inwonende gemeenskap te beskerm," noem Elbie. "OH se Facebook-plasing na afloop van die gesprek het dit laat lyk of die persone wat die gespreksgeleentheid bygewoon het, opgewonde was oor die ontwikkeling van die Trommel as 'n gemeenskapswinkel, terwyl die meeste persone saamgestem het dat dit in die eerste plek nie as 'n winkel bedryf behoort te word nie en beslis die versoekskrif gesteun het."

Koerania het Orania Helpmekaar se Facebookblad besoek en die volgende inligting daar gekry: Helpmekaar is 'n instelling sonder winsmotief, gekenmerk deur 'n vrywillige en interaktiewe werkswyse. Deur middel van goeie samewerking met ander instellings, werkgewers en inwoners, is ons doel om hoop te skep vir Afrikaners in Orania.

"Helpmekaar word tans met wantroue bejeen, en 'n gemeenskapsinstelling moet homself tog nie van die gemeenskap vervreem nie," stel Elbie.

Elbie gesels tussenin dat klagtes op kletsgroepe nie noodwendig oplossings bring nie, maar dat dit tog iemand 'n valse gevoel gee dat hul 'n waardevolle inset lewer. Die versoekskrif was 'n poging om die kwessie op 'n ordelike wyse aan te spreek.

Koerania het op Maandag 9 September 'n e-pos aan Pieter Bisschoff, die hoof van inligting en bemarking by OOM gerig om van die vordering na afloop van die openbare gesprek te verneem. Hy het die redakteur geskakel en verwittig dat daar nog geen formele besluite geneem is nie, maar dat hul sensitief is vir die gemeenskap se gevoelens.

Tydens die gespreksgeleentheid is daar blykbaar gesê dat privaat inisiatiewe uit die gemeenskap verwelkom word. Op 29 Augustus is 'n vereniging gestig om 'n eiesoortige gemeenskapstrommel op die been te bring. 'n Loodsingskomitee van tien individue is gekies om 'n formele plan te beraam. Daar is intussen 'n vergadering deur die komitee belê waartydens hul op die naam: Die Wakis, besluit het.

"Dit sal 'n ruimte wees waar mense met vrymoedigheid kan skenk, met die wete dat dit slegs na Oraniërs sal gaan. Daar is beslis groot behoefte in die dorp aan so 'n instansie. Mense het goed in hul huise wat hul nie weet vir wie om dit te gee nie," vertel die lede van Die Wakis se loodskomitee.



**Willie Nel** het namens die Wilcogroep hul eerste aflewering van die negende uitgawe van Koerania as 'n intekenaar in ontvang geneem.

**Petrus Rens** sal maandeliks met sy fiets die Koerania by intekenaars aflewer. Daarmee sal hy 'n klein inkomste kan genereer en beslis met sy vriendelike geaardheid die harte van baie lesers steel. Stuur 'n e-pos na redakteur@koerania.co.za om as 'n intekenaar te registreer of besoek www.koerania.co.za vir die besonderhede.

# Solidariteit bederf op Sekretaressedag

Op Woensdag 4 September is sekretaresses deur Solidariteit se Kantoorpraktisynsnetwerk by die Chris Jooste Ouditorium verwelkom om 'n bietjie bederf te geniet.

Sanri Stone, Netwerk Koördineerder vir Solidariteit het die dames verwelkom en aangemoedig om by die kantoorpraktisynsnetwerk aan te sluit deur 'n gratis profiel te skep.

Dia van Staden, eienaar van Diamant Kommunikasie en Opleiding en redakteur van Koerania het die dames toegespreek om hul te bemagtig op die terrein van effektiewe kommunikasie. Daar is heerlik gelag en selfs gesing om die moontlikhede van kwaliteit kommunikasie met pret, klank en volume te beklemtoon. Dia het verwys na telefoonetiket, e-poskommunikasie, lyftaal en sosiale etiket wat soms agterweë bly. Die belangrikheid om soms by die werk te speel, om met 'n positiewe houding by die werk op te daag en om werklik teenwoordig te wees sodat daar behoorlik geluister kan word wanneer gekommunikeer word, is aangeraak.



Sanri Stone, Chantel van Heerden en Dia van Staden het as sprekers tydens die Sekretaressedag opgetree.

Foto - Danielle Struwig

Chantel van Heerden, 'n voorkoms-konsultant, het met die dames oor hul voorkoms en kantooretiket gesels. Sy het praktiese voorbeelde uitgelig en getoon dat dit nie duur of ingewikkeld hoef te wees om 'n professionele beeld uit te dra nie. "Wees trots daarop om skoon, netjies en professioneel in die werkplek te wees," het Chantel genoem. Sy het ook 'n paar wenke genoem van wat om nie aan te trek nie, aangesien dit nie 'n professionele beeld voorhou nie.

Elke dame is verras met 'n pragtige geskenkpakkie en daar is gesmul aan heerlike happies terwyl die koffie en sap geskink is en die gesels spontaan gevloei het.



Chantel van Heerden, voorkomskonsultant, motiveer vroue om trots op hul voorkoms, intern en ekstern, te wees.

Fotos - Dia van Staden

# Pretprater maak 'n eerste draai in Orania

Ervare pretprater en motiveringspreker, Elsabé Aldrich is al vir 25 jaar besig om gehore in die land en Namibië met haar staaltjies en wyshede op te kikker. Sy glo die mens se vermoë om te lag werk soos hemelse bruissout, om die sooibranderigheid van dié ou lewe weg te borrel. Sy praat guitig oor vonkelverhoudings en 'n lewe van oorwinning. Haar gehore strek van die korporatiewe wêreld tot onderwysers, vrouens en egpare.

Tieners is haar onderwyshart se punt. Van haar tienerboek Is jy cool of common? Is daar sedert 2000 al meer as 40 000 eksemplare verkoop. Elsabé sal graag al Orania se hoërskoolleerders met haar tienerkursus, wat in graadgroepsverband aangebied word, wil bereik.

Sy het op 5 September met 'n groep tieners by die Volkskool Orania gesels. Daar is geesdriftige planne om haar gedurende Maart 2025 vir 'n paar dae in Orania te laat optree. Die Okkasie Hasie sal meer besonderhede verskaf sodra al die planne bevestig kan word.



Lianda Krige

Elsabé Aldrich het die Volkskool Orania besoek en die tieners en personeel het haar spitsvondige aanbieding as prettig en belangrik beskryf.

## ORANIA DAGBOEK

**SEPTEMBER -**

- 13 September - OAB Algemene Jaarvergadering
- 14 September - Lente Donkieverfdag
- 17 September – Binnelandse sake besoek Orania vir ID kaarte /Paspoorte
- 21 September - Plaasbraai
- 23-28 September - Karnaval
- 23 September - Konsert in Gemeenskapsaal
- 24-25 September - Kaalvoetkonsert
- 26 September - Nagdraf
- 27 September - Optog en Karnavaltoegang na terrein gratis
- 28 September - Karnaval & Ray Dylan en sy orkes

**OKTOBER -**

- 5 Oktober - Volksietoernooi
- 10 Oktober – Heldedag
- 11 Oktober – Koerania Uitgawe 11 verskyn
- 12 Oktober - Kleinreus halfmarathon
- 26 Oktober - Lentedans



Karlien van Jaarsveld het selfs 'n paar ruk en rol nommers saam met haar orkes gelewer.



# ORANIA GAAN GROOT 2024



Willie Nel, voorsitter van die CVO-skool se opvoedingsraad en Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, hoofborg van die fees, het die toeskouers en ander borge vir hul deelname en teenwoordigheid bedank.

Fotos - Dia van Staden

Orania CVO-skool het vir die derde jaar 'n suksesvolle Orania Gaan Groot-fees met ses kunstenaars aangebied. Muller Brandt, Bernice West, Barto, Karlien van Jaarsveld, Franja du Plessis en Robbie Wessels het uiteindelik die meer as 2 000 mense in die gehoor vermaak.

Willie Nel, voorsitter van die CVO se beheerliggaam vertel van die spanning wat met elke jaar se reëlings gepaard gaan. "Die week vooraf het ons 600 kaartjies verkoop en uiteindelik is daar heelwat meer as 2 000 mense deur die hek."

Hy spreek sy dankbaarheid uit teenoor 'n span hardwerkende ouers, personeel en leerders wat elkeen hul deel gedoen het om seker te maak dat die dag 'n sukses kon wees. "So 'n getroue span maak dit maklik om groot projekte aan te pak," vertel Willie.

Koerania het heelwat besoekers ontmoet wat met waardering na die goeie organisasie, die indrukwekkende verhoog en sigbare veiligheid verwys het. Die plaaslik vervaardigde verhoog is in 2023 gebou om toekomstige uitgawes vir die huur van verhoë te voorkom.

'n Rekord hoeveelheid borge het die begroting van byna R600 00-00 help delg. Daar is op kort kennisgewing besluit om die Springbokke teen die All Blacks se rugbywedstryd op 'n grootskerm in die tent uit te saai. "Daardie nuus het kaartjieverkope 'n hupstoot gegee," vertel Willie.

Die kosstalletjies is deur graadgroepe beman en elke stalletjie het een van die teenwoordige kunstenaars se liedjies uitgebeeld. Die stalletjies is mildelik ondersteun en die Afrikaners het weer gewys dat hulle kultuur lekker eet en lekker drink insluit.

Alhoewel die rits kunstenaars nie noodwendig die top verkopers in die land verteenwoordig nie, het die gehoor steeds baie tyd op hulle voete voor die verhoog deurgebring om saam te sing en spring.

'n Tent het as die bedieningsarea vir die verkoop van alkoholiese verversings gedien wat goeie ondersteuning geniet het. Die welkome lentedag se hitte het tot goeie verkope bygedra. Ettiene de Lange, hoof van die Orania Veiligheidsdiens, vertel dat daar slegs enkele klagtes van die publiek was oor 'n individu wat oorbedien was en die publiek lastig geval het. Die situasie is egter vinnig ontlont en die individu is van die terrein verwyder.

Die kunstenaars se positiewe terugvoer oor hoe hul Oraniërs se gasvryheid, vriendelikheid en liefde ervaar het, maak Orania steeds 'n pragtige bestemming vir kunstenaars en ander besoekers wat Afrikaans en die Afrikanerkultuur respekteer.

Soos wat dit met elke groot gebeurtenis gaan, word die planne vir 2025 reeds beraam en die reëlingskomitee is daarvan bewus dat gunsteling kunstenaars ten minste 'n jaar vooraf bespreek moet word.

Inwoners en besoekers sien uit na dié jaarlikse fondsinsamelingsgeleentheid van die CVO-skool Orania wanneer gewilde nasionale talent na die dorp genooi word.



Robbie Wessels in aksie



Barto het heerlike energie uitgestraal en die gehoor aan die gang gehou.




Bernice West het nie dat haar swangerskap haar van pret weerhou nie.



Franja du Plessis het die gehoor se saamsing baie geniet.







Muller Brandt saam met 'n aanhanger, Marlise van den Bergh.









Die publiek het die pragtige dag en selfs die koeler naglug met oorgawe aangedurf om saam te kuier.



Robbie Wessels en sy orkes het al die ou bekendes gesing. Oud en jonk geniet steeds die leeuloop.

# WAT VEROORSAAK LENTE IN JOU HART?


MENINGSOPNAME




**TIKS DELPORT**
Wanneer Dia met Koerania, ons gemeenskapskoerant, in Snippie Snappie instap."



**SANRI STONE**
Perskebloeisels



**THARINA STEYN**
Groen koringlande



**KAREN J VAN RENSBURG**
Lentemaand sien ek altyd daarna uit om die eerste amandelbloeisels te soek en sien ek uit na ons Messias se koms. Dit bring lente in my hart!



**CISKA DE WET**
My kinders, my eie 3 en al die kinders wat elke dag in my lewe is! Hulle bring LENTE in my hart. Hul vreugdes en suksesse, maar ook hul weer probeer en elke dag se aanhou sorg vir die hele jaar se LENTE.

## Markdag skool entrepreneurs


Fotos - Dia van Staden



Die graad 7 tot 9 leerders van die CVO-skool Orania het op Woensdag 11 September hul jaarlikse markdag aangebied. Daar is ondermeer soetgoed, southappies, vleis, knypkoeke, pannekoek en speelgoed te koop aangebied. Daar was stalletjies wat hul kliënte 'n wiel laat draai het om sodoende die naald op 'n spesifieke kleur te laat stop vir 'n toepaslike geskenk.

Hier en daar het ouers hulp verleen, maar dit was heerlik om te sien hoe die kinders self woeker. Mede-skoliere het ook die stalletjies ondersteun en motivering aangebied waar verkope dalk stadig was.





Koerania het die stalletjies gaan ondersteun en sommer 'n paar kiekies geneem van al die aktiwiteite en vriendelike entrepreneurs.

NOVEMBER
Vrydag 1 & Saterdag 2
ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT
KOERANIA
1 & 2 November, 2024
Vrydag: 13:00 – 20:30 | Saterdag: 09:00 – 18:00
VIR MEER INLIGTING KONTAK DIA @ 083 726 1180 / redakteur@orania.co.za

Koerania en dr Chris Vorster bied aan
Toneelwerkwinkel
Vind uit wat die werklike rol van 'n regisseur is en hoe om die rol te vervul.
Is jy akteur of aktrise wat variasie in jou toneelspel wil ontdek?
Wil jy jou eie EIE toneelstuk skryf?
Kom ontdek, ontwikkel en skerp jou gawe op!

VRYDAG
1 November 2024
13:00 – 18:00 Regie
18:30 – 20:30 Vrae oor film- en televisiewerk

SATERDAG
2 November 2024
09:00 – 13:00 Toneelspel
14:00 – 18:00 Skryfkuns

CVO-Ouditorium / BKO
Registrasies @ R200pp
Beperkte plekke



Dr Chris Vorster
Akteur, lektor, skrywer en regisseur

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp / Uitleg Koos Gagiano | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180
www.koerania.co.za
Registrasie en navrae
DIA @ 083 726 1180 / redakteur@orania.co.za

KuberSkool
"Ons bring Christelike Afrikaner-onderwys na jou huis!"



GR. R - 9
AANLYN ONDERRIG

Orania CVO-skool stel sy nuwe aanlyn e-leerstelsel, Kuberskool, bekend aan gesinne wat ons waardes en beginselgrondslag deel en graag hulle kinders by die huis deur ons onderwysers wil laat onderrig.
Kuberskool is in Januarie 2021 bekend gestel en leerlinge van regoor Suid-Afrika skakel tans by Kuberskool in.

Stuur die woord 'Kuberskool' per WhatsApp/sms na 072 181 5539 vir 'n inligtingspakket en aanlyn aansoekvorm

Skool-by-die-huis
Kuberskool is 'n skool-by-die-huis produk waar skoolstruktuur- en dissipline neergelê word in 'n huislike omgewing. Leerlinge wat Kuberskool gebruik, volg dieselfde kurrikulum as die leerlinge in die graad en Kuberskool bied 'n reeks interaktiewe voordele wat die leerervaring verryk.

Kuberskool navrae
Marieta Combrink: 072 181 5539
Bel of stuur gerus 'n WhatsApp-boodskap
Skoolkantoor: 053 207 0177
Epos : marieta@kuberskool.co.za
DEEL VAN ORANIA CVO





KOERANIA Sport

September, 2024

Volume 01 | Uitgawe Nr. 10








Die eerste Sinkplaatfietstoer word vanaf 18 tot 20 Desember in en om Orania aangebied. Fietsryers sal vanaf Orania vertrek en tydens die toer by Witput en Kraankuil aandoen voordat hulle weer in Orania eindig.

Die fietstoer strek oor 180km wat binne drie dae afgelê sal word. 'n Voertuig sal die hele pad saamry om die nodige bagasie te vervoer. Fietsryers ry elk met 'n rugsakkie, wat die dag se noodsaaklikste proviand sal bevat.

Johan de Klerk en Pieter Bisschoff het hierdie bergfietstoer beplan en vertel dat daar slegs EEN plek oop is vir vanjaar se toer. Dié twee entoesiaste beoog om hierdie fietstoer in die toekoms uit te bou, maar wil vanjaar met 'n klein groep van 14 afskop sodat dit makliker bestuur kan word.

Enige fietsliefhebber wat redelik fietsryervaring het sal die roete kan voltooi. "Jy hoef nie oordrewe fiks te wees nie, maar jy moet jou fiets ken en kan vasbyt," vertel Johan. Indien 'n laerskoolkind wil saamgaan, moet hy/sy deur 'n ouer/volwassene vergesel word.

Kontak vir Johan de Klerk by 083 407 1440 of vir Pieter Bisschoff by 061 813 8272 vir meer besonderhede of om daardie laaste plek vir die toer op te neem.

## Grepe en voetwerk lei tot stoeivernuf

Fotos - Dia van Staden

Orania se manne het onlangs die stoeimat oopgerol vir een van die beste sportsoorte wat enige seun of jong man kan aandurf. Jaco van der Merwe is een van die afrigters en moedig jong seuns, studente en ouer mans aan om by hul oefening aan te sluit. Cobus Kirsten en Willem Strauss neem ook die leisels tydens afrigtingsessies. Niklaas Buys tree aan wanneer daar oor selfverdediging gepraat word.

Die oefentye is op Maandae vanaf 17:30 tot 19:00 en Woensdae oefen kinders tot graad 7 (tussen 6 en 13 jaar oud) vanaf 14:45 tot 15:45.

Kontak vir Jaco by 083 963 7112 vir meer besonderhede of om aan te sluit by die bestaande groep wat reeds hard oefen aan hul soepelheid, veerkrag, spoed en stoeivernuf.


Hier is 'n paar foto's wat tydens 'n oefensessie geneem is.

